Sewentig jaar




# Jeugbediening




Voor Gods aangesig

# WELKOM BY ONS JEUGBEDIENING

Baie welkom liewe maats, kinders, jongmense en ouers. Vanjaar is Berg en Dal gemeente 70 jaar oud! As Jeugbediening gaan ons saam die besondere mylpaal vier. Hierdie jaar het ons weer verskeie geleenthede waar jy saam met ons kan kom groei in die geloof. Kom glo en bid, lag en speel, leer en leef, eet en wees saam met ons hierdie jaar by die Jeugbediening. Kontak ons gerus in dien jy enige vrae het oor die kategese of jeugbyeenkomste.

Aan al ons kinders en  jongmense, as jy met iemand wil gesels of sommer net wil ‘n oor soek om te luister, stuur gerus vir ds. Janke ‘n Whatsapp-boodskap ... ons luister graag!
Mag ons hierdie jaar ook doen soos die gemeente se leuse ook lees:
lewe voor God se aangesig.

Groete,
Ds. Janke

## JEUGGROEPE

| | | |
|---|---|---|
| **Jongspan:** (Graad RR – Graad 4’s) | Kontak persoon: | Ds. Janke Hurter (078849166) |
| **Wildsbokke:** (Gr. 5 – Gr. 7) | Kontak persoon: | De Klerk Kruger (082 854 0441) |
| **Tieners:** (Graad 8 – Graad 11’s) | Kontak persone: | Lalla du Plessis (082 709 4376)<br>Jacquelle Malan (079 691 5914) |
| **Matrix ’26** | Kontak persone: | Ds. Jan Lubbe<br>Ds. Johan Marais |
| **Jongvolwassenes** | Kontak persoon: | Ds. Janke Hurter (0788949166) |

Jeugdiens saam met Miané Smit




Ons eerste belangerike datum:
**2 Februarie 2026 om 18:00**

# KATEGESE BRIEF AAN OUERS

NG Kerk Berg-en-Dal
Sondag, 18 Januarie 2026

Aan al ons ouers & kinders...

WELKOM TERUG!

Hier is ons vanoggend saam om 'n baie spesiale jaar te begin: Berg-en-Dal - ons geloofsfamilie hier by die groot sirkel - is 70 jaar oud! Ons is baie bly dat júlle hier is, om dit saam met ons te vier! Ons verjaarsdagdatum is 22 September (1956), en van die begin af was kinders van klein tot groot volledig deel van Berg-en-Dal se lewe en bediening. Ons was ook die eerste gemeente wat al in die 1960's met 'n Gesinsdiens ("Kleinkerkie") vir jong kinders begin het. Laat ons dan hierdie 70ste jaar met dankbaarheid ingaan, en vanjaar wéér groei in ons kennis van God en sy Woord; sy liefde, genade, vergifnis en vreugde!

Sondae en Woensdae is die tyd vir ons kategese, die ruggraat van ons jeugbediening. Dié "ons" is ouers en kategete, so 'n 165 kinders - van kleuters tot ons belydenisgroep - en dan Woensdagaande nog 60 koshuiskinders van Huis Eie Haard (Sentraal). Daar is vanjaar 29 Sondae (uit die 52) vir kategese; ons hanteer so 25 temas - 'n verhaal, Bybelstudie, Paas- of Pinkstertema of 'n aktuele gesprek - en reël hier en daar iets met handwerk of 'n uitreik na iewers in ons omgewing waar daar nood is. 'n Verskeidenheid vir hoof, hart en hande!

Hier is die reëlings vir ons Kategese in 2026:

- Ons het 'n baie goeie span kategete bymekaar, genoeg vir kleiner groepies; bekendes met ervaring, 'n paar ouers en nuwe gesigte en jong studente met lekker energie! Hul name volg hieronder - kontak hul gerus om oor jou kind te gesels en laat weet asb. van afwesighede. Op Sondag, 1 Maart, nooi ons jul almal as ouers om by ons groepe & lokale te kom inloer. Verder is jy hartlik welkom om met 'n verjaarsdag iets te ete of drinke vir die groep saam te stuur - gesels gerus met jou kategeet en hoor wat kan werk.

- Ons probeer die korrekte inligting van elke kind in ons registers aanteken, en doen dit vanjaar weer op skrif; vanoggend, 18 Januarie begin ons daarmee - help asb. waar nodig die kleintjies. Ons gebruik hierdie inligting slegs vir gemeentelike doeleindes, kommunikasie en koördinering, vir jeugdienste en ander programme, en in die whatsapp-groepie vir elke klas. Dankie vir jul hulp!

- Ons het vir elke jaargroep 'n Werksboek wat hul saam met die Bybel gebruik. Van Grade 1-4 hoor ons kinders die mooiste Bybelverhale oor die weg waarop God met sy mense gegaan het, van die Skepping tot met Jesus se hemelvaart. Grade 5 en 6 leer die leefwêreld van die Bybel ken: landskap, kultuur, feeste en betekenis van dit als vir ons lewe met God. Die Graad 7-jaar is 'n oorgang; dit vat wat tot hier geleer is saam en berei hul voor op 'n nuwe groeifase in hul geestelike lewe. In die hoërskooljare (Grade 8-10) gaan ons dieper in op die Bybelboodskap: Gebod (Christelike lewenswyse); gebed

- (Christelike spiritualiteit) en geloof (Christelike belydenis). Graad 11 is die afrondings-jaar waardeur hulle gehelp word om op hul doop te antwoord, hul geloof te bely en uitgestuur te word as getuies van Christus na elke akker van Sy koninkryk op hul lewenspad verder. Werksboeke is beskikbaar @ R 70,00 (Juniors) of R 80,00 (Seniors); elke Sondag in die binnehof tot 8 Februarie. 'n Belangrike versoek: Moet asb. nie die Werksboek kopieer of skandeer vir 'n boetie of sussie; ons wil 'n goeie kwaliteit produk in elke kind se hand gee en hul deur die jaar laat ervaar wat dit is om trots te wees op jou werk. Gesels gerus ook tuis saam verder oor die dag se tema...

- Vir elke groter jeuggroep is daar 'n aanvullende sosiale program, uitreike en kampe – dit word als in hierdie boekie beskryf. Kom, doen mee. Ds. Janke sal ook gereeld daaroor inligting en uitnodigings op ons mediaplatforms plaas – hou dit dop. Elke kwartaal is daar een Sondag dat ons Senior Kategese na die laatmiddag (17:00) skuif om aan te sluit by die Jeugdiens – ons sal dit elke keer reël.

# KATEGETE 2026

| | | |
|---|---|---|
| Jeugleraar / Kategesehoof | Janke Hurter | 078 894 9166 |
| Jeugouderling | Frikkie Badenhorst | 082 681 1114 |
| Admin/Skakeling | Denise Louw | 073 180 3193 |

**Junior Kategese (Sondae net ná Gesinsdiens, 10:05-10:40)**

| | | | |
|---|---|---|---|
| Peuters | Brigitte Vorster | 083 578 7178 | Eden |
| Kleuters | Madelein Kymdell | 079 484 6288 | Kanaän |
| | Marisa Potgieter | 072 210 5637 | |
| Graad 1 | Chané Potgieter | 073 233 4899 | Mamre |
| Graad 2 | Lisa Bloem | 083 329 9336 | Bet-El |
| | Corrie Marais | 083 772 7902 | |
| Graad 3 | Chenelle Joubert | 084 472 4006 | Ebenaeser |
| Graad 4 | Anabelle Laubscher | 072 626 2990 | Betlehem |
| | Mathilda Henning | 083 321 0570 | Betanië |

**Senior Kategese (Sondae net ná Kerkdiens, 10:45-11:20)**

| | | | |
|---|---|---|---|
| Graad 5 | Helena Marais | 082 604 7338 | Kanaän |
| | Natasja Badenhorst | 072 599 6634 | Mamre |
| Graad 6 | Mia Smith | 063 645 0714 | Bet-El |
| Graad 7 | Frikkie Badenhorst | 082 681 1114 | Berg Sinaï |
| | Lalla du Plessis | 082 709 4376 | Ebenaeser |
| Graad 8 | Mia de Jager | 060 641 3125 | Betlehem |
| Graad 9 | Ds. Janke Hurter | 078 894 9166 | Betanië |
| Graad 10 | Ds. Jan Lubbe | 082 784 9362 | Konsistorie |
| Graad 11 | Ds. Johan Marais | 084 517 8052 | Jeugkamer |

Neem vrymoedigheid, kontak ons en deel in die geloofsvorming van jul kinders!